My bobbejaan in die pos, my kees in die heelal

Deur Le Roux Schoeman 13 April 2017 14:00

April is “mos” die maand van daardie irriterendste woordjie, skryf Le Roux Schoeman.

Dié werk van die kunstenaar Kali van der Merwe heet Luminous and Liberated en het die skrywer bekoor. Foto: Kali van der Merwe

Ek weet as dit spam is, want hulle noem my Le pleks van Le Roux. So die e-pos lui gewoonlik: “Hi Le,” gevolg deur die scam in die volgende reël: “At a very high level, the offer is this…” Of: “Hi Le, I saw those sexy pictures and would like…”

Dis natuurlik als snert. Daar is nie verstandige aanbiedinge of onverstandige foto’s nie en weens een eeu oue spasie in my naam het ek ’n weerstand opgebou teen die moderne aanslae van ongewenste e-pos van robotte. Wonderlik versiende Hugenote darem.

Tog kry my nuuskierigheid my soms onder en dan gaan krap ek juis in die ou spam-bussie rond om te sien watter noue ontkomings ek onlangs gehad het. Daar ontdek ek toe ’n mail wat nie spam was nie. Inteendeel, ek het in spanning gewag vir dié nota van die kunstenaar Kali van der Merwe. Die bobbejaanfoto wat ek met ’n vyfde van my salaris by haar gekoop het, is gereed en in die pos, laat sy my weet. Hoe op aarde die server, of ten minste die spam filters, in hierdie hemelhoë gebou van ons nie weet wie Kali van der Merwe is en dat sy vanuit haar ateljee in Baardskeerdersbos besig is om die mikroskopiese met die kosmiese te versoen deur haar kamerasluiter snags baie wyd en vir baie lank oop te hou en só verbluffende foto’s neem nie, gaan my verstand te bowe. Lees die goed nie meer die kunsblad in Die Burger nie?

Maar goed, ons almal maak foute. Ek het Kali se boodskap toe maar tussen die phishing scams en ander kuberlokvalle uitgevis en haar laat weet dat ek baie uitsien na die koms van die bobbejaan.

Die dier het – as jy die foto fyn bekyk – slegs een arm. Dit en die dier se geslag is eers deur Kali ontdek nadat die kees haarself doodgeskok het op ’n kragpaal en met ’n harde slag die grond getref het.

“DIE GEDAGTE AAN DAAI GODVINGERTJIE LAAT MY EENSAAM VOEL EN EK MAAK ’N BESTEKOPNAME VAN AL DIE DINGE OM MY.”

Die mense van B-bos weet al: As iets doodgery, -geskok of -geval is, staan dié kunstenaar en voormalige dokumentêre rolprentmaker se deur altyd oop. Kali se uitgangspunt is dat sy “hulde bring” aan die diere se lewens en sy gee toe dat sy op ’n klein skaal God speel. Sy herskep die diere – soos die bobbejaan en verskeie ander, dikwels roadkill – met haar kunstige portrette. Haar tegniek heet ligverf. Die kunstenaar maak van lang beligtingstyd gebruik. Sy werk dus snags, in die Overberg, met tyd en dood.

Wat die bobbejaan se pose merkwaardig maak, is wat Kali die “God finger” noem. Kyk ’n bietjie mooi. Dit herinner aan (ten minste ’n deel van) Michelangelo se uitbeelding van Die Skepping van Adam in die Sistynse Kapel in die Vatikaanstad.

Maar wanneer die kunstenaar die bobbejaan dan boonop teen die agtergrond van ruimtebeelde plaas, geneem deur die Hubble-teleskoop, verkry die kunswerk ’n soort ecce homo/aanskou die mens-uitwerking wat hierdie kyker geroer het tot oorbesteding in die kunste.

Nou staan ek hier op ’n onlangse Sondag halfpad teen die Bainskloofpas, nog aan Wellington se kant, en kyk na die Boland. Leeukop in die verte sigbaar, Paarlberg en die Taalmonument in die middel van die prentjie, Limietberg wat agter my troon soos ’n walvis wat uit die see spring; en dan die onafwendbare trop bobbejane wat verbybeweeg en my meteens herinner aan my kopie – my bobbejaan in die pos; my kees in die heelal.

Die gedagte aan daai godvingertjie laat my eensaam voel en ek maak ’n bestekopname van al die dinge om my: cirruswolke, fabriek, kraai, snelweg, gholfsetperke, batoliet, ’n Mr. Video, afgebrande plantasies, shacks, akkers aan bome, wingerdblokke, tienermeisies in kerkrokke in die skouer van die pad, nog ’n kraai, piekniektafels groen geverf, seuns met tjappies op BMX’e, voertuiggeraas.

“EN OP HIERDIE HOOP VAN ANDER SE SLUSH PUPPY-HOUERS EN DNS VOEL EK TOG ’N BIETJIE MINDER ALLEEN SO OP DIE OU SABBAT.”

My vriend P vertel hoe sy ouma snags na die stad sou staar en dan van die magdom liggies met ontsag sou sê: “Kyk net … en elkeen met die hánd ingedraai.” Jy kort soms daai attitude of gratitude, sê hulle.

Om my lê die bottelskerwe, stompies en random rommel van ontelbaar baie motoriste wat voor my presies hier afgetrek het. Ek het my motordeur oopgelos, met die radio aan. Op RSG saai die omroeper ’n rugbytelling geesdriftig uit en een liedjie later vra sy om verskoning. Dis glo ’n heruitsending van ’n ou wedstryd waarna sy sit en kyk het. Die Bokke was helaas nie besig om Fidji op te keil oor die Sondagmiddaguur nie. Ons almal maak foute.

Ek skrop met my regtervoet in die grond om vir my ’n bietjie meer staanplek langs die enigste skaduboom te maak. Twee kitskoshouers, twee koeldrankhouers, een strooitjie

en maklik eenhonderd miere druk besig by die skerp kant van ’n helderpers kondoom. Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom. Hier is nog ’n paar van dieselfde soort pers kondome nie te ver van die boom nie, sien ek nou. Elkeen met die hand afgerol, sou P se ouma seker sê.

Hoe ook al, ek bepaal my weer by my leeswerk, ietwat gepas, Jack Kornfield se After the Ecstacy, the Laundry en luister met ’n halwe oor na RSG.

En op hierdie hoop van ander se Slush Puppy-houers en DNS voel ek tog ’n bietjie minder alleen so op die ou Sabbat. Of ten minste ’n bietjie meer deel van wat Andrew Geddes Bain in 1846 gedroom het vir hierdie pas toe hy die eerste keer hierlangs verken het. Waarvoor meer kon hy hoop as swaar verkeer langs die roete waar hy gapings en ander berge sien?

Dis gesinsvakansietyd: Aprilmaand, met sy meganaweke en skoolvakansies – die maand van “mosse”: “Ons is mos op Greyton daai langnaweek.” “Ons vat mos die Donderdag ook af, dan het ek en X mos altesaam Y dae verlof, so ons gaan behoorlik wegkom.” “Ons kinders is mos by Ma-hulle vir daai paar dae.”

Ek kyk weer na die uitsig en probeer dit van vooraf doen – soos vir die eerste keer – en voel hoe die middag warmer word op my skouers. Ek skop-skop aan die koeldrankhouertjie en uitgemergelde kondoom met my toon gepunt soos ’n balletdanser en wonder hoe die koninginmier in die termiethoop sal reageer op haar werkermiere se jongste vonds.

Ek kan my voorstel hoe die eerste paar miere met rooi gesigte en arms vol semen omdraai en die nuus aan die ander begin breek: Nee! Draai terug! Die koningin se mense sê: “Is julle mal?! Vat dit summier terug na waar julle dit gekry het. Wie se idee was hierdie? Wie se mal idee was hierdie?”

En dan een dapper werkermier se stemmetjie: “Dis mos goed vir jou vel, dan nie?”

* Schoeman is Netwerk24 se hoof van multimedia.